Kortnuus 225 Gestuurde Kerkwees Michael Moynagh

Gesprek met Michael Moynagh oor Gestuurde Kerkwees kan hier gelees word.

KORTNUUS 224 PENSOENFONDSBEREKENINGE

Goeiedag vanuit die Sinodehuis!

Sien skrywe insake **PENSIOENFONDSBEREKENINGE** hier.

Groete

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za

KORTNUUS 223

Kortnuus 223

Goeiedag vanuit die Sinodehuis!

Ons Voetsoolsinodes is vroeg in die nuwe jaar op ons: 3 Februarie by Lydenburg-Suid en 10 Februarie by Pretoria-Garsfontein.

Help ons asseblief deur nou reeds die name deur te gee van die persone wat julle gemeente gaan verteenwoordig. Stuur dit na Tersia by ontvangs@sinoos.co.za

Volledige inligting oor die geleenthede is vroeër reeds aan julle gestuur per Familienuus en 'n Familiebrief. Ons webwerf het ook die inligting. Ons help graag as daar verdere navrae is.

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar

KORTNUUS 222

Die volgende skrywe is op 30 Oktober 2017 vanaf dr. Gustav Claassen, Algemene Sekretaris van die NG kerk, ontvang:

"Die moderatuur van die NG Kerk is deeglik bewus van talle gedaantes van nood in ons land. Ons is egter tans veral baie bekommerd oor die vlakke van geweld en misdaad en die impak van droogtes op lewe en die omgewing.

Die Goudland Sinode het inisiatief geneem om 'n oproep te doen vir 'n landwye geleentheid vir verootmoediging- en voorbidding op Woensdag, 8 November. Ons ondersteun die inisiatief heelhartig en doen 'n beroep op al ons sinodes om gemeentes aan te moedig om op 8 November verootmoedigings- en voorbiddingsgeleenthede te reël met die oog op:

(1) die onaanvaarbare hoë vlakke van geweldsmisdade, waarvan plaasmoorde deel is;

(2) die landbou-omstandighede en die impak van droogtes en klimaatsverandering op mens, dier en die omgewing."

Die Sinodale Diensraad, by monde van ons voorsitter, ds Dirkie van der Spuy, doen 'n beroep op ons gemeentes om erns hiermee te maak. Leraars en gemeentes word aangemoedig om plaaslik inisiatief te neem.

Ons het steeds die diep oortuiging dat ons geroep word om te leef "met die Lig na die gemeenskap."

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
NG Kerk Oostelike Sinode

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za

KORTNUUS 221

Geloofsreis vir Leraars

Die eerste rondte van die Geloofsreis vir Leraars saam met Gys van Schoor vind plaas vanaf 16 tot 19 Oktober in die rustige omgewing van Good Shepherd Retreat Centre by Hartebeespoortdam.

Hierdie is een van die maniere waarop Oostelike Sinode 'n bydrae maak tot die gesondheid van ons leraars.

Die verblyf is gemaklik en netjies en die kos heerlik!

Die enigste kostes wat leraars of gemeentes moet dra, is die verblyf en die reiskoste van die leraar.

Verblyfkoste beloop R1 800 per persoon. Dit sluit in alle etes en verversings asook verblyf in 'n enkelkamer.

Die geld kan in die Sinode se rekening in betaal word. Meld asseblief jou naam by die verwysing.

ABSA

Rekening naam : NG Kerk Oostelike Sinode

Rekeningnommer : 1420 146 562

Laat weet ook asseblief vir Tersia by ontvangs@sinoos.co.za indien jy graag hierdie geleentheid wil bywoon.

Beste wense.

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za

KORTNUUS 220

Goeiedag vanuit die Sinodehuis

Ons vra hiermee nominasies vir 'n verteenwoordiger by die **Predikante Pensioenfonds**. Sien skrywe aangeheg.

Beste wense.

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za

KORTNUUS 219

KORTNUUS 218

Oostelike Sinode fokus sterk op die verskil wat gemeentes in die gemeenskap behoort te maak. Ons glo dat hierdie missionale fokus 'n baie belangrike aspek van ons roeping is.

Om met so 'n proses te help, het ons vir Gys van Schoor gekry om oor 'n tydperk van 3 jaar 'n pad met gemeentes te stap.

Op Donderdag 10 Augustus (10:00 tot 13:00) word 'n Opedag saam met Gys by Lux Mundi aangebied. Hier word volledige inligting gegee oor die proses asook die ondersteuning wat gegee gaan word in die vorm van uitgewerkte materiaal. Daar sal ook voorbeelde van die materiaal te sien wees.

Ons heg die **program** van die dag vir jou hierby aan.

Die geleentheid is gratis. Al wat jy moet doen, is om vir Tersia by die Sinodehuis te bevestig dat jy kom. Skakel 012-804 9543 of e-pos ontvangs@sinoos.co.za.

Met die Lig na die gemeenskap!

KORTNUUS 218 – Program Gys van Schoor

Oostelike Sinode fokus sterk op die verskil wat gemeentes in die gemeenskap behoort te maak. Ons glo dat hierdie missionale fokus 'n baie belangrike aspek van ons roeping is.

Om met so 'n proses te help, het ons vir Gys van Schoor gekry om oor 'n tydperk van 3 jaar 'n pad met gemeentes te stap.

Op Donderdag 10 Augustus (10:00 tot 13:00) word 'n Opedag saam met Gys by Lux Mundi aangebied. Hier word volledige inligting gegee oor die proses asook die ondersteuning wat gegee gaan word in die vorm van uitgewerkte materiaal. Daar sal ook voorbeelde van die materiaal te sien wees.

Ons heg die **program** van die dag vir jou hierby aan.

Die geleentheid is gratis. Al wat jy moet doen, is om vir Tersia by die Sinodehuis te bevestig dat jy kom. Skakel 012-804 9543 of e-pos ontvangs@sinoos.co.za.

Met die Lig na die gemeenskap!

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za

KORTNUUS 216

GELOOFSVORMING VIR GESTUURDES – GYS VAN SCHOOR

OPEDAG: 10 AUGUSTUS 2017

Al meer gemeenteleiers sê: "Julle hoef ons nie meer te oortuig van die missionale roeping van die kerk nie. Ons verstaan dit en wil dit doen. Help ons moet die 'Hoe?'"

Die drie jaar-plan wat die Oostelike Sinode saam met ds Gys van Schoor ontwikkel het, is presies hiervoor bedoel. Dit plaas die materiaal in jou hand wat julle gemeente hiermee sal

help. Dit bestaan uit preekplanne, 40 Dae-veldtogte met die nodige materiaal, kindermateriaal en ook opvolgmateriaal vir die veldtogte.

Die idee is om met Adventstyd 2017 hiermee te begin en dit dan in 2018 in gemeentes uit te rol. Om jou te oriënteer in die stof en die gebruik daarvan, reël ons 'n opedag op Donderdag 10 Augustus. Merk solank die datum in jou dagboek. Ons beplan om **10:00 te begin en dit sal by Lux Mundi** plaasvind. Gys van Schoor sal self daar wees.

Laat weet asb vir Tersia Petzer **vòòr of op Vrydag 4 Augustus** by die Sinodehuis as jy van plan is om te kom. (ontvangs@sinoos.co.za / 012 804 9543)

Groete

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za